BELANGRIKE RIGLYNE TOV LOGO – NG KERK VRYSTAAT

RIGLYNE:

1. Die **amptelike logo** bestaan uit die **fakkel** met die bewoording, **"NG Kerk Vrystaat"** daarby. Dit vorm 'n eenheid/geheel (*Branding*) en kan nie afsonderlik van mekaar gebruik word nie.
2. Die amptelike logo, of enige element daarvan (kleur, lettertipe, ensovoorts), **mag derhalwe nie gebruik word sonder die nodige magtiging van die Kommunikasiekantoor nie.**
3. Die amptelike logo mag ook **geensins in kombinasie saam met enige ander logo/embleem**, ensovoorts, **gebruik word nie!** (byvoorbeeld as 'n samestelling om iets nuuts te vorm).
4. Dit kan wel as 'n **onderskrywing (*endorsement*) saam met 'n gemeentelogo, foto, ensovoorts, gebruik word,** byvoorbeeld op 'n kalender of 'n kennisgewingbord – hierdie **onderskrywing word op 'n spesifieke blad/bord, regs aan die onderkant, aangebring.**
5. **'n Finale proef** van 'n kalender, kennisgewingbord, ensovoorts, **moet eers vir goedkeuring aan die Kommunikasiekantoor voorgelê word, voordat dit gedruk/aangewend word. Dit is om te voorkom dat die amptelike logo enigsins misbruik word.** U kan van 'n drukkersmaatskappy van u eie keuse gebruik maak, maar ons moet die finale produk vóór die drukproses, eers goedkeur - u kan ook van die maatskappy gebruik maak wat die logo vir die NG Kerk Vrystaat ontwikkel het. Ons kantoor kan die nodige kwotasie bekom en aan u kommissie, kerkraad, ensovoorts, voorlê.
6. Aangesien daar koste hieraan verbonde is, is dit ook **belangrik dat u kerkraad, finansiële kommissie, ensovoorts, ook eers goedkeuring aan hierdie proses verleen,** alvorens daarmee begin word.
7. Indien 'n gemeente/ring 'n **amptelike briefhoof** aanvra (dit **word slegs deur die Kommunikasiekantoor ontwerp – geen koste**), word dit voorgestel dat die lettertipe wat u vir die inhoud van 'n brief gaan gebruik, *Calibri* sal wees – dit vertoon die beste saam met die amptelike logo. Die briefhoof sal soos hierdie een lyk, maar u gemeente/ring se naam en adresbesonderhede, ensovoorts, sal daarop voorkom.

Indien die logo as 'n "Hoof- of voorblad" gebruik word, moet die **logo + streep + tagline saam gebruik word**. Indien dit slegs as **"endorsement"** gebruik gaan word, plaas dan **net die logo** saam met die gemeente se info op betrokke blad, **regs onderaan**.

Skakel asseblief vir Thea indien u enige navrae het (tel 051 406 6719, e-pos kerkinfo@ngkvs.co.za)